e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

6 Maart 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 5

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dink nuut om probleme te oorkom

Wanneer u hierdie artikel ter hand neem, het u reeds verlede week se jaarlikse begrotingsrede *(klik hier vir die volledige 2014-begroting)* deur minister Gordhan talle male in die nuus raakgeloop.

'n Ekonomiese oorsig is maar 'n moeilike kalant, juis omdat daar soveel veranderlikes vandag moontlik is. Dit wat gister nog ons werklikheid was, kan in 'n oogwink verander – reg of verkeerd, wie kon dink dat die **Reserwebank** se monetêre beleidskomitee vroeër die maand die repo(rente)koers sou verhoog? Daar kan ook juis soos nou groot onsekerhede heers.

In die breë gaan dit nie besonder goed met die wêreld nie (die **VN verwag** groei van 3% vir 2014), die Verenigde State van Amerika het 'n geweldige hoë skuldlas, werkloosheid bly onder druk en van goeie stabiele groei is daar nie eintlik sprake nie. Die **Europese Unie**, behalwe vir Duitsland, het enorme uitdagings, ook om te keer dat stagflasie nie die bietjie stabiliteit wat daar is totaal verwoes nie. Blaai deur **die ekonomiese data** vir meer inligting. China groei nog, maar kan ook net werklik goed doen indien die res van die wêreld voorspoed beleef. Ons ander BRICS-vennote vaar tans beter as ons, alhoewel Indië ook maar net 'n kortkop voor ons, die agteros, is.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het, soos ons almal weet, groot uitdagings: werkloosheid, baie stadige/swak groei, 'n te klein belastingbasis om die uitgawes van die welsynsdienste volhoubaar te befonds, **die verbruiker** wat gebuk gaan onder 'n te groot skuldlas, om maar 'n paar te noem.

Die groot vraag is nou: Hoe beïnvloed dit ons gemeentelewe, en wat staan ons te doen om dit die beste te bestuur? Na my mening moet ons gefokus bly; almal weet dit help nie om baie besig te wees met baie goed en dit selfs goed te doen indien dit nie in die eerste plek die regte ding was nie. Wees kerk in die gemeenskap waar jy geplaas is om kerk van Christus te wees (sien **Hand 2: 38** en verder). Sorg dat jou hulpbronne hard werk – ons praat van bates wat sweet. Kerkgeboue wat net Sondae 'n paar uur in gebruik is, plaas 'n groot las op 'n gemeente in terme van instandhouding en so meer. Die gemeenteterrein bied ook 'n ideale platform om by ander in die gemeenskap betrokke te raak. (Deel die terrein met ander bedieningsvelde, soos jeugontwikkeling, om die MRCC te help om 'n gemeente tot stand te bring, ensovoorts.) Oordink die sinvolheid van die huidige standplaas: Moet dit 'n vol versorgde standplaas wees, of kan die bediening ook op ander maniere verwesenlik word (byvoorbeeld 'n benoeming vir bejaardebediening)?

Wees waaksaam om betyds te reageer; skuld is nie 'n goeie keuse nie, en die verwagting is dat dit ook al duurder gaan word; kontant is 'n bate.

Koste wat gedeel kan word, moet gedeel word, skaalekonomieë help ons om doelwitte te bereik wat ons alleen nie in staat sou wees om te bereik nie. Dink byvoorbeeld daaraan om 'n mobiele toepassing te ontwikkel vir die Kerk se bediening vir Generasie X en die Millenniums – dit sal nie ekonomies haalbaar wees op gemeentelike of selfs ringsvlak nie, maar is dalk 'n moontlikheid sinodaal. Werk nouer saam met ander gemeentes, ook op ringsvlak.

Verandering is 'n konstante, dit gaan nie beter word nie! Reageer nou en verseker 'n volhoubare toekoms.

In Christus se voetspore is alles nie verlore nie; daar is geloof, hoop en liefde. Pak dit saam aan as gemeente en bring hoop daar waar julle geplaas is om sy lig te bring!

Oudl Phillip Bester, Wonderboompoort

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Gerrit-Daan van der Merwe

Ds Pierre Jacobs

Beroep ontvang

- **Prop G (Gerrit-Daan) van der Merwe** (beroepafwagtend) na Strand

Beroepe aanvaar

- **Ds PJ (Pierre) Jacobs (sr)** (beroepafwagtend) na Outeniqua
- **Dr BJ (Barry) van Wyk** (emeritus) na Waterberg (deeltyds)
- **Prop G (Gerrit-Daan) van der Mer**we (beroepafwagtend) na Strand

Dr Barry van Wyk

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Ds Wouter van Wyk van Gemeente Verwoerdburg se skoonvader, **Braam Beukes**, is op 27 Februarie oorlede na 'n aneurisme. Ons innige meegevoel gaan aan Simoné en Wouter en hul familie.

- Ds Adam Zwarts se kleindogter, **Clara-Louise Grobler** (26), het op 1 Maart ernstige kopbeserings in 'n motorongeluk opgedoen. Ons bid die familie sterkte toe, en vertrou dat sy volkome sal herstel.

- Dit gaan beter met **prof Natie van Wyk** na die skoueroperasie waarin twee ligamente geheg en die biseps met 'n prostese aan die been geheg is. Hy sal vir die volgende ses weke buite aksie wees. Ons bid hom algehele herstel toe.

Mnr Kobus Viljoen en sy eerste kleinkind

- Mnr Kobus Viljoen, vorige administrateur van die Kerk, se eerste kleinkind, **Wilhelm Otto Heinichen Viljoen,** is op 25 Februarie om 10:48 gebore, 3,3 kg en 50 cm lank. Baie geluk aan Otto, Danette en die trotse grootouers!

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Wintersgriep is baie gevaarliker vir ouer mense as vir jonges – en dis nou die tyd om griep te voorkom met 'n griepinspuiting. Laat 'n dokter of apteker die ouer mense in jou gemeente en gemeenskap inlig oor die voordele van griepinspuitings en oorweeg dit om die inspuiting vir persone wat nie mediese versekering het nie, te borg (net ongeveer R60). Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Dit is met groot vreugde en dankbaarheid dat die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** die volgende twee bekendstellingsgeleenthede van die ***Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*** bekend kan maak: op Woensdag 12 Maart om 19:00 in die NG Groote Kerk in Adderleystraat, Kaapstad en op Woensdag 9 April om 19:00 in die kerkgebou van die AGS Kaleideo gemeente te Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park. Alle lidmate van die Kerk is welkom om een van hierdie besondere geleenthede by te woon. 'n Aand van voorlesing en musiek word beplan (die Canticum Novum-koor van Stellenbosch sal onder andere in Kaapstad optree en die TUKS Camerata-koor van Pretoria in Kempton Park). Lede van die Redaksionele Komitees en ander medewerkers aan hierdie vertaling sal by albei hierdie geleenthede teenwoordig wees en die vertaling sal te koop wees

Nuwe Testament en Psalms

(R35 vir die standaard hardebanduitgawe en R99 vir die verwerkteleeruitgawe met goud-op-snee en duimindeks). Die program behoort nie langer as ’n uur te duur nie. Die kleredrag is netjies informeel.

- Lees in die ***HTS*** die volgende **interessante artikel** oor ’n perspektief op godsdienstoleransie in die onderwys: *Towards understanding (religious) (in)tolerance in education.*
  http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/1977#.UxScne_kYGw.gmail

- Kyk by die volgende skakel vir ’n **interessante artike**l deur Pieter GR de Villiers **oor prof AS Geyser**:
  http://www.litnet.co.za/Article/rsquon-afrikaanse-kerkman-wat-apartheidstrukture-laat-steier-het-word-weer-onthou

- Die ***Bybelse Dagboek* van 2014** is nou ook op CD beskikbaar. Gemeente Outeniqua in George het ’n projek van stapel gestuur om lidmate wat sukkel om te lees, te help. Die gemeente het die hele *Dagboek* op twee CD’s opgeneem sodat blinde lidmate, bejaardes en ander na die boodskappe kan luister. Blinde lidmate kan die CD’s van Gemeente Outeniqua (**nedhervouteniqua@gmail.com**) bestel en hoef slegs die posgeld te betaal, terwyl ander lidmate die CD’s kan bekom teen slegs R30 (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**. Die *Bybelse Dagboek* (saam met die *Almanak)* in boekvorm kan ook nog van mev Van Zyl bestel word, teen R130 elk (posgeld uitgesluit).

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **tweede Sondag van die Lydenstyd (*Reminiscere*) – 16 Maart.** “Die naam van die tweede Sondag van die Lydenstyd word afgelei van die eerste woorde van die Latynse weergawe van Psalm 25: 6: *Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het.* Hierdie Sondag konsentreer op die versteurde verhouding tussen God en mens. God vertrou bepaalde verantwoordelikhede aan ons toe, maar ons respekteer nie God se posisie en reg nie. Ons verwoes wat Hy aan ons toevertrou – selfs die genade van sy eie Seun. Markus 12: 1-12, die gelykenis van die boere en die wingerd, is een van die tekste wat aandag kan geniet. Jesaja 5: 1-7 kan as Ou-Testamentiese agtergrond dien. Hierdie dag gaan oor skuldbelydenis en verootmoediging. Ons moet bid dat God nie met ons geduld verloor nie. Ons verkondiging hou egter rekening met die triomf van sy genade (Rom 5: 8). Gesange 232 en 236 word aanbeveel.”

Ons besin saam

- **’n Inligtings- en besprekingsvergadering vir Ringskommissies** is op Woensdag 26 Februarie by Gemeente Kempton Park-Oos aangebied. Die Kerk beleef dalk tans ekonomies ’n moeilike tyd, maar ons Kerk is beslis nie geestelik bankrot nie. Hierdie feit is duidelik weerspieël in die insette van die Ringskommissielede en lidmate wat teenwoordig was. In die groepbespreking was dit duidelik dat die mense wat daar was nog positief is oor ons Kerk, dat daar ’n wegbeweeg is van randsake en dat daar in die Woord van God gesoek word na die antwoorde op die eise en probleme van ons tyd. Verder was dit duidelik dat daar nog groot gedroom en hard gewerk word in die Kerk. Dit was ’n besondere ervaring om saam met mede-Christene om ’n tafel te kon sit en mekaar sommer net positief te kon beïnvloed. Ook die terugvoer deur die Kommissie van die AKV, die Raad van Finansies en al die ander sprekers het die hoop wat in die groepbespreking gevestig is, versterk.

- Na 87 jaar het demografiese en ander omstandighede daartoe gelei dat **Gemeente Witbank** (moedergemeente) op 9 Februarie 2014 moes ontbind. Tydens die laaste erediens en Nagmaal was dr Hennie van Deventer en ds Johan Viljoen (albei oudpredikante van die gemeente) teenwoordig. Di Danie Struwig, Naas Lombard, Cobus Manders en Mari du Plessis-Manders het as predikante van die **ring van Bronkhorstspruit** ook die geleentheid bygewoon. Die erediens is deur dr Van Deventer as oudste lewende predikant van die gemeente gelei. Na die erediens het mev Rita Oosthuizen namens die NHSV ’n afskeidsboodskap

gelewer, en oudl Andries Bothma het namens die gemeente gepraat en ’n oorsig gegee oor die gemeente se bestaan van 16 April 1927 tot 9 Februarie 2014. Dr Wim Dreyer het namens die Kommissie van die AKV opgetree. Gelukkig kon die Ringskommissie ’n ooreenkoms met die Hoërskool Generaal Hertzog tref om, terwyl die kerkgebou in die besit van die Kerk bly, dit voortaan as musieksentrum te gebruik en in stand te hou.

- **Gemeente Riebeeckstad**, wat in 2010 ontbind het, het pas weer herstig. Ons sal mettertyd meer inligting hieroor gee.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Germiston** vind plaas op Sondag 9 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Alberton-Wes.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Potchefstroom** vind plaas op Sondag 9 Maart vanaf 14:00 by Potchefstroom se Moedergemeente.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Noord-Kaapland** vind plaas op Saterdag 15 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Vaalharts in Hartswater.

- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

Allegaartjie

Die budjie
Die outjie hoor ’n oom verkoop budjies. Hy suiker af na die oom en vra wat vra hy per budjie. *R5*, sê die oom. *Ek wil asseblief daai bloue hê, Oom.*
Luister Boet, die hele hok is vol budjies en almal is R5. Ek gaan nie die bloue probeer vang nie. Jy sal maar die eerste een wat ek vang, moet vat.
Die outjie hou aan hy wil die bloue hê. Hy sien die oom begin hom vererg en sê: *Ek sal Oom betaal wat my pa vir ’n skaap betaal.* Baie vinnig gryp die oom sy vangnet en met ’n groot gesukkel vang hy die bloue. In die proses skryf hy ’n paar ander budjies af. Hy sit die budjie in ’n papiersakkie met gaatjies en gee dit vir die outjie. *Hoeveel betaal jou pa vir ’n skaap?*
R35 per kilogram, Oom. Sal Oom asseblief vir my die budjie weeg?

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 6 Maart:	Ds M (Mariaan) Delport (Sionspoort)
o Vrydag 7 Maart:	Ds DJ (Deon) du Toit (Verwoerdburg)
o Sondag 9 Maart:	Di JJH (Koos) Engelbrecht (emeritus), CF (Carl) Potterill (Erasmia) en LJ (Louw) van der Linde (Trichardtsfontein)
o Maandag 10 Maart:	Ds TF (Thomas) Dreyer (Wapadrant)
o Woensdag 12 Maart:	Ds JJ (Jaco) Dreyer (Bloemfontein)
o Donderdag 13 Maart:	Ds RJ (Rudi) Rust (beroepafwagtend)

Beplande vergaderings

o Donderdag 6 Maart:	Kommissie van die AKV OSR Personeeldag
o Vrydag 7 Maart:	Kommissie van die AKV
o Maandag 10 Maart:	ADV Redaksie
o Donderdag 13 Maart:	Direksie van die Monumenttehuise

o Vrydag 14 Maart: OSR Finkom
Kernkomitee: Erediens en Kerklied

Kursusse en toerusting

- **BEKENDSTELLING VAN VONKK-LIEDERE**
  Na aanleiding van die AKV se besluit dat VONKK-liedere op ’n proefbasis in die eredienste gebruik kan word, nooi ons alle gemeentes (predikante, orreliste, eredienswerkgroepe en enige belangstellendes) uit na ’n bekendstelling van VONKK-liedere wat gehou sal word op **Saterdag 8 Maart** van 09:00 tot 13:00 by **Gemeente Pretoria-Oos**. ’n Seleksie uit die VONKK-liedereskat sal bekendgestel word, asook die moontlike gebruik daarvan in eredienste. Daar sal gekyk word na die begeleiding van die liedere en die rol van ’n koor/kantory. Daar sal BAIE saam gesing en geluister word. Na afloop van die geleentheid sal gemeentes ’n goeie prentjie hê van die rykdom wat in die VONKK-liedere opgesluit lê en hoe dit in die erediens gebruik kan word.

  Gemeentes wat nog nie by VONKK ingeskryf is nie, kan die nodige dokumentasie tydens die geleentheid invul, en geheuestokkies met die grepe van opnames van die liedere sal te koop wees. Die koste aan die oggend beloop **R50 per persoon**. Bespreek vroegtydig deur ’n e-pos te stuur na **ptaoos@nhk.co.za**. Meld asseblief die gemeente asook die aantal mense waarvoor gereed gemaak moet word. Vir enige navrae, skakel ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979 (namens NHKA-medewerkers by VONKK).

- **DANIËLKONFERENSIE: 15-16 Maart**
  NG Kerk Leeudoringstad
  Al die kerke van die gemeenskap bied dit saam aan
  Meer inligting by 018 581 2801 / **www.danielmannekonferensie.co.za**

Prof Elsabé Kloppers

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**
  Hierdie Diploma bied ’n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in ’n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by **kloppec@unisa.ac.za** of **elsabekloppers@gmail.com**.

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **2-slaapkamer-woonregwoonstel te Frans Boshoff (Brooklyn)**
  Prys: R358 800
  Die eenheid is op die 1ste vloer van FB2
  en het ’n klein balkon by die sitkamer
  Hierdie is rustige area en naby winkelsentrums
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**
  Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
  In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
  Pryse tussen R150 en R200
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Besoek Israel van 26 Maart tot 5 April**
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië, die piramides en die sfinks
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**
  Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller
  As jy 'n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders
  Groot pryse te wen

Kontak Jan Claassen by **two.oceans@yahoo.com** / 084 400 5137
of Rene van Tonder by **fiesta@nhknaboomspruit.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 8 Maart: Gemeente Ebenhaézer (Ellisras): BoereRumoer**
  Met Tjiff en Tjaff, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Ricus Nel
  R20 per volwassene en R10 per kind
  Wen ’n Simmentalerstoet, jagpakket, vakansieverblyf en vleis
  Kontak Rita Kern 083 328 4465 / Marian 084 745 1054 / **ritakern1@yahoo.com**

- **Saterdag 15 Maart: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  Hervormde Kerkterrein vanaf 07:30
  Tema: *Liedjie-Makietie*
  Heerlike eetgoed, vleis, groente, *jukebox*, vlugbaltoernooi, ens
  Navrae aan **nhbhs@telkomsa.net** / 013 932 2929

ANDER NUUS

- **Dr Kobus Gerber** van die NG Kerk se moeder is onlangs oorlede na ’n lang siekbed. Sy was 89 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan dr Gerber en hul familie.

- Die Ondersteuningsraad (OSR) beskik tans oor ’n vakature vir ’n **voltydse maatskaplike werker in Pietersburg.** Die minimumvereistes vir die pos is BA(Maatskaplike Werk); registrasie by die Maatskaplike Raad (SACSSP); moet beskik oor ’n geldige bestuurslisensie; en moet Afrikaanssprekend wees. Aansoeke (CV’s) kan gestuur word aan Henriëtte Els (programbestuurder) by **oraadlimpopo@gmail.com** / 014 717 3589 (faks), en sy kan gekontak word by 071 684 7912.

- Die **Ondersteuningsraad Kempton Park** benodig **paaseiers (bokse waarin 48 sjokoladepaaseiers is)** vir hul Paasfeesprojek in Tembisa. Indien iemand hiermee kan help of ’n bydrae wil maak, kontak Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 391 2833 gedurende kantoorure.

- Die **Ondersteuningsraad Nylstroom** benodig dringend **twee tweedehandse lugreëlings** wat in werkende toestand is. Die kantore is ontsettend warm en die gebou het boonop ’n sinkdak. Kontak Engela Bolton by tel 014 717 3594, faks 014 717 3589 of **oraadnylstroom@nhk.co.za** indien u kan help.

- Die **Ondersteuningsraad Brakpan** benodig dringend **liasseerkabinette**. Indien enigiemand oor kabinette beskik of ’n bydrae hiervoor wil maak, kontak asseblief vir Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 740 9310 gedurende kantoorure.

- Die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** benodig dringend ’n **tweedehandse lessenaar** en **20 plastiekstoele** vir die aanbieding van projekte. Indien iemand hiermee kan help of ’n bydrae kan maak, kontak Ina Grobbelaar by 071 684 7865, of skakel die kantoor by 011 953 1200 / 011 952 1197 gedurende kantoorure.

- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend ’n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is ’n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of **hoof@mdup.co.za** vir meer inligting.

- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
  NG Kerk Moreleta, R300 per persoon
  Kontak **natasha.felix@up.ac.za** of skryf in by
  http://itickets.co.za/events/322183/Pretoria,_Gauteng_GT/Church_Planting_Conference.html
  Sprekers sluit in Alan Hirsh, Debra Hirsch, prof Stefan Paas, Tom Smith, dr Frederick Marais, dr Stephan de Beer, prof Stephan Joubert, prof Nelus Niemandt, dr Wim Dreyer en dr Willem Pretorius

- **Trauma-ondersteuningskamp vir naasbestaandes van geweldslagoffers**
  Datum: 21-23 Maart 2014
  Plek: Paradeisos-kampterrein, ’n halfuur vanaf Pretoria
  Koste: R450 per peroon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Vir meer inligting en inskrywing: Kontak Elize Perrin by 072 600 5809 / **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Skenk, o Here, u toevlug
en in toevlug, krag
en in krag, wysheid
en in wysheid, lig
en in lig, waarheid
en in waarheid, geregtigheid
en in geregtigheid, liefde
en in liefde, die liefde vir alle dinge
en in die liefde vir alle dinge, die liefhê van God
en in die liefhê van God, alle seëninge.
(Vroëe Keltiese gebed)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx